# HOE LEES JY?



Daniel Bernhardt

# Hoe lees Jy?

’n Inleiding tot

Bybelse Beginsels van Interpretasie

Daniel Bernhardt

1ste Uitgawe, April 2019

2de Uitgawe, Julie 2021

Gedruk en versprei deur

MARANATHA MEDIA en QUE TE CONOZCAN

www.maranathamedia.com en www.maranathamedia.co.za/af/

Cover Image: pixabay.com; user: mmi9

Tensy anders vermeld is die Afrikaanse Ou Vertaling (AOV) in Bybeltekste gebruik.

# Inhoud


**INLEIDING** ....................................................................................4
**EERSTE REËL**....................................................................................8
2 TIMOTHÉÜS 3:15-17....................................................................................8
MATTHÉÜS 4:4 EN MATTHÉÜS 5:17-18 ....................................................................................9
DEUTERONÓMIUM 29:29 ....................................................................................10
GEVOLGTREKKINGS....................................................................................10
**TWEEDE REËL**....................................................................................11
DEUTERONÓMIUM 4:2 EN OPENBARING 22:18-19 ....................................................................................11
DEUTERONÓMIUM 12:29-32 ....................................................................................12
SPREUKE 30:5-6....................................................................................12
GEVOLGTREKKINGS....................................................................................14
**DERDE REËL** ....................................................................................15
GEVOLGTREKKINGS....................................................................................17
**VIERDE REËL**....................................................................................17
2 PETRUS 1:19-21 ....................................................................................18
JESAJA 28: 9-10 ....................................................................................19
MATTHÉÜS 4:6-7 ....................................................................................19
TWEE VOORBEELDE ....................................................................................20
SPREUKE 27:17 ....................................................................................21
JESAJA 7:14-15 ....................................................................................23
‘N BYKOMENDE GEDAGTE....................................................................................25
GEVOLGTREKKINGS....................................................................................26
**VYFDE REËL**....................................................................................26
MATTHÉÜS 13:3-9 ....................................................................................26
‘N BYKOMENDE GEDAGTE ....................................................................................37
GEVOLGTREKKINGS....................................................................................38
**ALGEHELE GEVOLGTREKKINGS** ....................................................................................39
‘N VOORBEELD: “JULLE MOET NIEMAND OP AARDE JULLE VADER NOEM NIE …”....42
’N TWEEDE VOORBEELD: “AS JY KWAAD WORD, MOENIE SONDIG NIE” .......44
GEVOLGTREKKINGS:....................................................................................54

# Inleiding

Een van die skerpste punte van kritiek wat op Christenskap gemaak word, is 'n gebrek aan eenheid, veral wanneer dit by christelike leerstellings kom. Tog sê byna elke Christelike denominasie dat hul oortuigings op die Bybel gegrond is. Waarom is daar dan sulke verskille in opvattings? Hoe is dit moontlik dat sommige wat verklaar dat hulle deur die Heilige Skrif gelei word, glo dat die Sabbat op Saterdag is, terwyl ander glo dat dit op Sondag is, en sommige selfs dink dat dit elke dag is? Dit is nie net die dag van aanbidding nie; daar is verskille in byna elke punt van leerstelling in die Christendom. Waar kom al hierdie variasies vandaan? Daar is verskeie redes, maar fundamenteel bestaan hierdie verskille omdat nie alle Christene dieselfde stelsel van interpretasie gebruik nie, ten spyte van die gebruik van dieselfde geskrifte. Dit blyk dat wanneer ons ons Bybel lees, filter ons dit deur 'n vooropgestelde wêreldbeskouing, en interpreteer dit deur ons eie aannames omtrent die betekenis. Kan so 'n probleem oorbrug word?

Enige waarnemer van die godsdienstige wêreld kan hierdie spektrum van verskille sien. Die siel wat dors, vra: waar is die waarheid? As ons die Bybel as die Woord van God aanvaar, hoef ons nie onsself te mislei soos Pilatus gedoen het nie.[1] Die Skrif is nie 'n postmoderne manifes nie. Dit maak aanspraak daarop dat die Woord van God waarheid is,[2] dat Jesus die waarheid is,[3] en dat die Bybel verduidelik hoekom ons wêreld is soos dit is en wat God se planne daarvoor is.[4] Ons kan op ‘n plek kom waar ons die waarheid kan ken. Kom ons herhaal hierdie konsep en glo dit: ons *kan* die waarheid ken.

---

[1] Johannes 8:38
[2] Johannes 17:17
[3] Johannes 14:6
[4] Jesaja 46:10

“Die pad van die regverdiges is soos die lig van die môreglans, wat al helderder word tot die volle dag toe.”[5] Hierdie vers sê vir ons dat daar 'n proses betrokke is waarin daar 'n vordering of toename van lig is[6], totdat die daglig volmaak skyn. Deur ons ervaring weet ons dat die lewe 'n aanhoudende leerproses is, en dié wat welvoeglik lewe, sal gedurig leer en so toeneem in insig. Die Skrif verklaar:

> Spreuke 23:23 Koop waarheid en verkoop dit nie, ook wysheid en tug en verstand.

Wanneer daar vir ons gesê word dat ons “die waarheid moet koop”, wys dit daarop dat ons iets moet prysgee. Dit kan 'n bykomende rede wees waarom daar soveel verskille is wanneer dit kom by oortuigings in die Christelike wêreld – ons het nog nie ontslae geraak van iets waarvan ons ontslae moet raak nie. Hoe kan ons te midde van sulke Babelse verwarring[7] weet wat belangrik is en wat oorbodig is?

Oral kan ons die bewering hoor: “Hier is die Christus!”[8] Nogtans gee die Skrif die oproep:

> Openbaring 18:4 En ek het ʼn ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

Die Skrif wys vir ons dat God Sy volk roep om uit Babilon te kom, uit die verwarring. Verwarring veroorsaak dat ons deelgenote word van die sondes van Babilon; dit is wat dit beteken om in Babilon te wees. Selfs al is ons opreg, indien ons in verwarring verkeer, sal ons aan haar sondes deelagtig wees. God roep Sy volk op om die waarheid te ken, tot op die punt waar daar van hulle gesê kan word: “In hulle mond is daar geen bedrog gevind nie.”[9]

---

[5] Spreuke 4:18
[6] Psalm 119:105
[7] Génesis 11:9
[8] Matthéüs 24:23
[9] Openbaring 14:5

Dit is God se roeping, en daarom is dit vir elkeen van ons moontlik om uit Babilon te kom. Dit is God se belofte om ons van hierdie toestand te verlos. God wil ons by die punt bring waar ons die waarheid ken. Hy wil hê ons moet Jesus ontvang, Jesus ken,[10] want Hy is die waarheid.

Ongelukkig is daar is soveel verskillende oortuigings, en blykbaar kom almal uit die Bybel. Dus, hoe kan ons weet wat waar is? En hoe kan ek die waarheid weet as ek self oënskynlike teenstrydighede in die Bybel vind?

Dit is hier waar die beginsels, of reëls, van interpretasie relevant word. Die manier waarop ons die Bybel lees, is die bepalende faktor. Dit is interessant dat Paulus ons aanraai om die Woord van die waarheid reg te verdeel[11] – dit beteken dat ons gevaar loop om dit verkeerd te verdeel. Hoe word die Woord van waarheid dan behoorlik hanteer? Om hierdie vrae te beantwoord, moet ons ingaan op wat bekend staan as hermeneutiek (Bybelse uitlegkunde) of eksegese (teksverklaring, veral van die Bybel). Kom ons lees die volgende verse:

> Lukas 10:25-26  En daar het ʻn sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? 26 En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? **Hoe lees jy?**

By nadere ondersoek merk ons die volgende op: Waaroor gaan die vraag? Dit gaan oor hoe om die ewige lewe te beërwe, 'n onderwerp van kritieke belang. Jesus se antwoord hou direkte verband met die lees en verstaan van die Skrif[12], sowel as die proses om God en Jesus te ken.[13]

---

[10] Johannes 3:16; Galásiërs 4:6
[11] 2 Timothéüs 2:15
[12] Johannes 5:39
[13] Johannes 17:3

Tweedens, wie vra die vraag? 'n Sekere wetgeleerde - 'n kenner van hermeneutiek! Hy behoort die antwoord te weet, nie waar nie?

Derdens, waarom is die vraag gestel? Dit is gevra met die doel om Jesus te versoek. Die wetgeleerde het reeds die antwoord geken, of altans, hy het gedink hy ken dit. Hy het Jesus nie genader om meer te wete te kom nie, maar eerder om Hom vas te trek.

Laastens, wat was Jesus se antwoord? Hy het basies met twee vrae geantwoord. Hy het die wetgeleerde na die Skrif verwys toe Hy gevra het: “Wat is in die wet geskrywe?” Daarna het Hy die vraag aan die leser van die Skrif gestel: “Hoe lees jy?” Jesus verwys nie na die Bybelkenners van die dag nie. Hy vestig eerder die aandag op die gesag van die Bybel. Daarna vra Hy die leser: “Hoe lees jy?” – oftewel, “Hoe interpreteer jy wat jy lees?”

Dus, hoe lees ons? Wanneer ons biddend na Jesus gaan, en wanneer ons na die Skrif gaan, waarom doen ons dit? Wat is die hartsmotivering? Hoe verdeel ons die Woord van waarheid op die regte wyse? Hierby sal ons volgende stilstaan. Ons sal ‘n lys maak van wat verstaan word as die fundamentele beginsels van interpretasie.

Voordat ons wegspring, moet ons ‘n paar punte uitklaar. Eerstens is hierdie lys van interpretasiereëls nie ‘n volledig-ontwikkelde navorsingsmetodologie nie. Nie al die interpretasiereëls is in hierdie lys ingesluit nie. Tog kan enige stelsel van Bybelinterpretasie, as sy kernelement, die reëls wat hier ontwikkel sal word, insluit. Laastens, die lys wat hier aangebied word, is nie my eie werk nie. Die beginsels word in die Bybel self uiteengesit. Dit is ‘n opgesomde weergawe van William Miller se interpretasiereëls, soos die skrywer van hierdie boek dit verstaan.

## Eerste Reël

Die hele Skrif is deur God ingegee. As kinders van God behoort ons alles wat Sy Woord verklaar, te aanvaar. Ons behoort nie kieskeurig te wees oor watter waarhede ons liewer wil hou en watter ons liewer sal ïgnoreer nie. Die hele Skrif is waar. Dit is nie die totaliteit van die waarheid nie, want nie elke waarheid word geopenbaar nie, maar die Bybel is in sy totaliteit alles waar. Kom ons hersien ‘n paar verse wat hierdie punt duidelik maak:

### 2 Timothéüs 3:15-17

> (15) … dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. (16) Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, (17) sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Die Skrif kan ons wys maak tot verlossing. Verlossing waarvan? Verlossing van ons siele[14] van die ewige vuur.[15] Hierdie verlossing is die onderwerp en die eindresultaat van ons geloof, wat in Jesus Christus is. Die hele Skrif is deur God ingegee… “Die hele Skrif” beteken *alles*. Niks in die Skrif is uitgelaat nie.

Waarom is die Skrif aan ons gegee? Hulle word aan ons gegee sodat die mens van God geheilig en volkome kan word, vir elke goeie werk volkome toegerus[16], tot op die punt dat daar geen goeie werk is wat die mens van God nie kan doen nie. Let op na die verband tussen die woorde *hele* (wat verwys na die Skrif) en *volkome* ( wat verwys na goeie werke).

---

[14] 1 Petrus 1:9
[15] Matthéüs 25:41; Openbaring 20:9; Judas 6-7
[16] Johannes 17:17; Matthéüs 5:43-48

## Matthéüs 4:4 en Matthéüs 5:17-18

> Matthéüs 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. ″

Jesus se woorde tydens Sy versoeking in die woestyn bevat waardevolle inligting oor hoe om die Skrif te gebruik, en waarom. Die versoeker het Jesus genader terwyl Hy baie honger was en Hom gevra om Sy goddelike kragte as die Seun van God te gebruik om klippe in brood te verander. Jesus se antwoord is duidelik: Fisiese voedsel is nie genoeg nie; ons het ook geestelike voedsel nodig. Die mens moet ook lewe van elke woord wat by die mond van God uitgaan, ook dié wat hom as die Seun van God verklaar het.[17] Nie een woord moet verlore gaan nie.[18]

> Matthéüs 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. (18) Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

Christus stel dit duidelik: Niks, nie eens een lettertjie, sal verbygaan nie. Jesus vervul dit alles. Jesus se begrip van die wet is wyer as wat ons sou kon dink. Al was die wet waarna verwys word in baie gevalle die Pentateug (die eerste vyf boeke van die Bybel), kan ons sien dat Jesus se begrip van die wet uitgebrei kan word na al die Skrifte. Jesus het byvoorbeeld gesê: "…die woord wat in hulle wet geskrywe is, moet vervul word: Hulle het My sonder oorsaak gehaat."[19] Jesus het 'n psalm aangehaal en daarna verwys as die wet. Die wet (insluitend die Psalms[20] en die Profete[21]) het vir hulle

[17] Matthéüs 3:16
[18] Johannes 6:12
[19] Johannes 15:25
[20] Psalm 110:1; Psalm 89:5
[21] Jesaja 9:6

aangedui dat die Christus vir ewig sal wees.[22] Daarom sal nie een jota of titteltjie van die hele Ou Testament verbygaan nie. Die vraag kan gevra word, hoekom is dit so? Ons lees soos volg:

> Psalms 12:7 Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in ʻn smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.

Die woorde van die Here is rein, suiwer waarheid wat gelouter is.

## Deuteronómium 29:29

> Deuteronómium 29:29 Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.

Nie alles word in die Skrif geopenbaar nie. Daar is dinge wat God weet, wat vir ons verborge bly. Die openbaring van God het 'n spesifieke doel, dit is dat ons al die woorde van "hierdie wet" mag doen – dat die mens volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

## Gevolgtrekkings

Ten slotte, die Skrif in sy geheel, selfs die jota en die tittel, is deur God geïnspireer. Dit beteken dat daar niks is wat ons kan bekostig om te ignoreer nie. Ek sê nie dat God die Bybel woord vir woord gedikteer het nie, want hoewel die vereniging van die goddelike met die menslike agent 'n raaisel is, is dit veilig om te bevestig wat die Skrif verklaar. Ons kan met vertroue sê dat elke woord van God suiwer is, dat dit ʻn doel het en ingesluit moet word wanneer ons die Skrif bestudeer.

[22] Johannes 12:34

## Tweede Reël

Ons kan nie woorde byvoeg of verwyder uit die Skrif nie, en ook nie ons eie idees by die Woord van God voeg nie. Alles moet aanvaar word, net soos dit lees. Kom ons kyk na 'n paar verse omtrent hierdie reël:

### Deuteronómium 4:2 en Openbaring 22:18-19

> Deuteronómium 4:2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.

Die opdrag is duidelik: Moenie byvoeg by of weglaat uit die Woord nie. Wat interessant is, is die rede waarom God vir ons hierdie opdrag gee – dit is om die gebooie van die Here te onderhou. Dit is ‘n besondere rede! Dit volg dus dat almal wat graag deel wil vorm van die geslag wat die gebooie van God en die profete[23] (dié wie die getuienis van Jesus het) onderhou, moet op hierdie opdrag ag slaan.

> Openbaring 22:18-19 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. (19) En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Hierdie verse beklemtoon die verskriklike gevolge van die verandering van die Woord van God. Selfs hierin word ons geloof getoets. Glo ons hierdie Woord?

[23] Openbaring 12:17; Openbaring 14:12

## Deuteronómium 12:29-32

> Deuteronómium 12:29-32 As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, (30) neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? —dat ek ook so kan doen. (31) So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE ʻn gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. (32) **Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie**.

Die konteks waarsku ons om nie agter die gode en gelowe van die naburige nasies aan te gaan nie; ons moenie ander gode hê nie, behalwe die God van Abraham, Isak en Jakob.[24] Die rede is dat die optrede van die naburige nasies ‘n weerspieëling is van die gode wat hulle aanskou en aanbid (uitgebeeld deur hulle kinders in vuur te offer – 'n weerspieëling wat God verafsku). Om Sy openbaring te ignoreer of by te voeg, beteken die risiko om 'n ander god te hê – ‘n god wat ons sy eie afbeelding sal gee volgens die gelykenis van ons natuurlike, goddelose hart.[25]

## Spreuke 30:5-6

Kom ons kyk na die konteks van die idee dat “elke woord van God gelouter” is.

> Spreuke 30:4-6 Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in ʻn kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam

[24] Lukas 13:28
[25] Jeremia 17:9

van sy Seun—as jy dit weet? (5) Elke woord van God is gelouter; Hy is 'n skild vir die wat by Hom skuil. (6) Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie.

Om God en Sy Seun se naam te ken, moet ons elke woord van God aanvaar – dit is die verband wat in die vers gemaak word. Om antwoorde te kry op die vrae wat hierbo gestel is, moet ons nie by Sy woorde byvoeg nie.

Spreuke 30:5 sê ook vir ons dat elke Woord van God gelouter is, en 'n skild is vir hulle wat op Hom vertrou. Indien enige deel van die liggaam buite die skild beweeg, sal daardie deel nie beskerm word nie. God self, beskerm ons met Sy eie liggaam teen die aanvalle van die vyand. Dit is letterlik sigbaar gemaak op Golgota.[26] God is 'n skild vir dié wat al Sy woorde aanvaar, dié wat Hom vertrou. Soos daar op 'n ander plek staan:

Psalm 18:31 Die weg van God is volmaak; die woord van die HERE is gelouter; Hy is 'n skild vir almal wat by Hom skuil.

Die weg van God (nie my weg nie) is volmaak.

Psalm 91:4 Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser.

Kom ons kyk na 'n werklike voorbeeld wat wys hoe dit werk:

Matthéüs 4:3-11 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.

(4) Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

(5) Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan

[26] Jesaja 53:4-6

(6) en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen ʼn klip stamp nie.

(7) Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.

(8) Weer neem die duiwel Hom saam na ʼn baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,

(9) en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.

(10) Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

(11) Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

Let op hoe eenvoudig die geloof van Jesus is: soos dié van ‘n kind. "Daar is geskrywe" is wat Jesus herhaal het. Hy gebruik die Woord van God, vanuit ‘n vertrouensposisie, om Homself daaragter te beskerm. Die aanvalle is nie nou meer teen ons gerig nie, maar teen Hom.

## Gevolgtrekkings

Ten slotte, om vas te staan in die dag van die stryd van die Here, sal ons nie ons eie woorde byvoeg nie, en ook nie wegneem van die Woord van God nie. Alles sal ontvang word, met niks wat bygevoeg word nie en niks wat weggeneem word nie. As ons dit doen, sal God self en Sy Woord vir ons 'n skild wees.

## Derde Reël

Die Skrif kan nie gebreek word nie. Ons kan nie iets bekragtig of glo wat in stryd met die Skrif is nie. Kom ons lees dit in die volgende verse:

> Johannes 10:35 As dit húlle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif nie gebreek kan word nie

Die konteks is dat die Jode Jesus omring het en geëis het dat Hy duidelik en openlik verklaar of Hy die Messias is. Jesus sê vir hulle dat Hy reeds die vraag beantwoord het, en dat hulle Hom nie geglo het nie. Hy verklaar dat Sy skape sal weet, omdat hulle deur Sy Vader aan Hom gegee word en indirek sê Hy dat hulle God nie ken nie. Dan stel Hy dat Hy en Sy Vader een is – en hierna wil Sy luisteraars Hom stenig, want as mens maak Hy Homself gelyk met God. Jesus verklaar dat hulle wet, wat hulle met groot jaloesie onderhou, diegene tot wie die Woord van God gekom het, gode noem. En as dit die geval is, hoe kon hulle Hom beskuldig van godslastering toe Hy Homself as die Seun van God verklaar het?

Dus, wanneer Jesus die wet noem, voeg Hy die opmerking by waarin ons belangstel, wat dien as 'n verduideliking aangaande die wet: Hulle wet, verklaar Jesus, kan nie gebreek word nie, en deur daardie verklaring word dit ook Jesus se wet. Hy sê vir hulle dat as die Skrif, hulle wet, dit bevestig, en aangesien die Skrif nie gebreek kan word nie, Hy nie 'n lasteraar kan wees deur te verklaar dat Hy die Seun van God is nie. Jesus verkondig dat ons nie iets kan bekragtig of verklaar wat in stryd is met die Bybel nie. Om dit te doen, is om die Woord van God geweld aan te doen, dit te breek of te kruisig.

> Jesaja 8:19-20 En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet ʼn volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? (20) Tot die wet en tot

die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ʻn volk wat geen dageraad het nie.

Om te weet of ons te doen het met towenaars of direk met geestelike wesens wat voorgee dat hulle die lewende dooies is, sal die wet en die getuienis die standaard wees waarteen elke verklaring opgeweeg sal word. “Getuienis” is 'n verwysing na die getuienis van Jesus, dit is die Gees van Profesie[27], of die boodskappe van die profete van God. As hulle lering nie met “die wet en die profete” ooreenstem nie, dan het hulle “geen dageraad” (geen lig) in hulle nie. Om teen die Skrif te praat, plaas ons in duisternis. Slegs die Woord van God kan lig en orde in ons wêreld bring, sodat dit “baie goed” is.[28]

Matthéüs 4:8-11 Weer neem die duiwel Hom saam na ʻn baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,

(9) en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.

(10) Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

(11) Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

Die versoeker neem Jesus na 'n hoë berg, waar hy Hom al die heerlikheid – sonder die ellende – van al die koninkryke van hierdie wêreld wys. Die rede vir Christus se sending na die aarde word opgehaal. Dit blyk dat die verlore erfenis[29] vir Jesus aangebied word in ruil daarvoor dat Jesus neerval en Satan aanbid. Jesus reageer op hierdie aanbod deur hom te beveel om weg te gaan,

---

[27] Openbaring 19:10
[28] Génesis 1:31
[29] Psalm 2:8; Jesaja 52:3

aangesien die Skrif verklaar dat ons net die Here ons God alleen moet aanbid en dien.

Jesus se antwoord was weer: “Daar is geskrywe.” Die aanbod word geweier omdat dit teen die glashelder getuienis van die Woord van God indruis. Hierdie storie wys ons dat selfs as iemand ons die vervulling van ons missie en rede vir ons bestaan in hierdie wêreld aanbied, (met die veronderstelling dat ons dit weet), kan dit nie aanvaar word indien dit indruis teen die Skrifte nie. Die einddoel regverdig nie die verbreking van die wet en die profete nie. Die missie laat ons nie toe om die Woord van God te kruisig nie.

### Gevolgtrekkings

Ten slotte leer ons dat die Bybel vir ons sê dat ons dit nie kan weerspreek, of verbreek of enige gedeelte daarvan, of in die geheel, daarteen kan ingaan nie.

## Vierde Reël

Die Woord van God kan nie deur enigeen geïntepreteer word nie. Dit beteken dat die Skrif Homself verduidelik. As ek 'n vers wil verstaan, moet ek dit met ander verse vergelyk om dit te begryp. Ek kan nie wat ek glo, waarvan ek hou, of wat ek graag wil hoor, gebruik nie. Ek kan nie gebruik wat my kultuur bepaal of wat kenners bevestig nie. Dit beteken nie dat ons nie aandag gee aan ander mense wat die Skrif verduidelik nie; inteendeel, ons gee aandag daaraan om te bepaal of hulle die Skrif gebruik om die Skrif te verduidelik. Om dit anders te stel, die basiese beginsel is “Sola Scriptura.” Die geskiedenis toon dat daar verskriklike gevolge is wanneer hierdie beginsel laat vaar word. Die mens is geneig om die swaar verantwoordelikheid van interpretasie op sy eie skouers te plaas, maar dit is onnodig. Ons kan erken dat ons nie weet nie en dat ons nie verstaan nie. Die Bybel verduidelik homself. Die Skrif is sy eie interpreteerder. Een vers verduidelik 'n ander, en 'n ander

weer die eerste, totdat die Skrif homself in 'n oneindige, onderling verbonde, selfverduidelikende, lewende Woord verander. Kom ons hersien 'n paar verse wat dit aantoon:

## 2 Petrus 1:19-21

> En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ʻn lamp wat in ʻn donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; (20) terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif ʻn saak van eie uitlegging is nie; (21) want geen profesie is ooit deur die wil van ʻn mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.

Indien ons die profetiese Woord as 'n lig op ons pad[30] wil hê, moet ons eers verstaan dat die interpretasie van die boodskappe van God op geen mens rus nie. Hierdie vers gee die rede daarvoor. Die Skrif is nie ʻn saak van eie uitlegging nie, want (d.w.s. die rede daarvoor is dat) dit nie deur die wil van die mens voortgebring is nie, maar eerder dat die heilige mense van God gespreek het soos hulle deur die Heilige Gees beweeg is. Wat nie van die mens af kom nie, kan die mens nie interpreteer nie. Aangesien die profesieë nie van menslike oorsprong is nie, berus die interpretasie daarvan ook op geen mens nie.

Paulus sê vir ons in 1 Korinthiërs 2:1-16 dat hy in Korinthië nie met die voortreflikheid en woorde van menslike wysheid opgetree het nie, maar dat sy prediking in die Gees en met krag was. Paulus maak dit egter baie gou glashelder dat die woorde wat hy gespreek het, woorde van wysheid was – wysheid nie van hierdie wêreld nie, maar afkomstig van God self. Die openbaring van die diep dinge van God word deur Sy Gees aan ons geleer, deur geestelike dinge met geestelike te vergelyk, dit wil sê, deur die Woord van God met

[30] Psalm 119:105

die Woord van God te vergelyk, totdat die huis[31] van God voltooi is.

## Jesaja 28: 9-10

> Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? (10) Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier ʻn bietjie, daar ʻn bietjie.

Hierdie vers sê wie kennis sal aanleer en leerstellings sal verstaan: dit is hulle wat die Woord van God ontvang as gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie. "Reël op reël" verwys na die Woord van God in sy konteks; die Woord van God sal binne die natuurlike vloei van die bespreking verstaan word. "Hier 'n bietjie, daar 'n bietjie" verwys daarna om God die terme te laat definieer; God definieer die uitbreiding van wat Hy op een plek sê deur wat Hy op 'n ander plek en tyd sê. "Gebod op gebod" verwys daarna dat ons dit as onderrig ontvang, as 'n instruksie van God in die lig van Sy karakter[32] wat nagevolg moet word. Insig in leerstellings en kennis sal dan ontvang word wanneer ons aan God die eer gee wat Hom toekom, wanneer Hy bo alle dinge in ons lewe is, wanneer ons Hom laat definieer en Hom laat uitbrei oor Sy leringe, as ons ag slaan op die bespreking en redenasie wat Hy aanbied.

## Matthéüs 4:6-7

> en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen ʻn klip stamp nie. (7) Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.

---

[31] Matthéüs 7:24; 1 Petrus 1:4-5
[32] 2 Korinthiërs 4:6

Let op dat Jesus beskerming vind in die Woord van God deur te verklaar dat die mens deur elke woord daaruit sal lewe, en hier beoog Satan nou om Christus vas te vang deur die Woord. Satan bied aan Jesus 'n belofte uit die Skrif, wat daardie belofte as onbeperk uitbeeld, onafhanklik van wat die oorblywende Skrifte sê en wat die een wat op die belofte aanspraak maak, doen.

Om dit anders te stel, Satan eis van Jesus om Sy geloof in die Bybel te bewys deur een van die beloftes te toets, ‘n belofte wat niemand ontken nie, maar dit word voorgehou asof die res van die Skrif nie bestaan nie. Jesus antwoord egter: “Daar is óók geskrywe”. “Ook” dui hier aan dat die belofte nie as vals ontken word nie, maar aanvaar word, maar daar moet nog iets bygevoeg word: ander Skrifte is ook in die Woord van God, net soveel soos die aangehaalde belofte.

Met ander woorde, die Bybel eindig nie met die genoemde belofte nie. Nog woorde van God moet daarby gevoeg word. So begrens en interpreteer die verse wat deur Jesus aangehaal is die omvang van die belofte. God sal Sy engele stuur om ons te beskerm, maar terselftertyd is daardie belofte nie 'n onbeperkte belofte vir elke tyd en geleentheid nie; dit is onderhewig aan ander voorwaardes wat nagekom moet word soos in die Skrif geopenbaar, soos in hierdie spesifieke geval, dat God nie versoek moet word nie. Wat Satan probeer doen het, was dat Jesus God moes versoek, dat Jesus God se beskermende hand moes afdwing.

Elke Bybelse stelling kan nie op eie meriete hanteer word nie, maar moet eerder aan die res van die Skrif onderwerp word om die betekenis en omvang daarvan te verstaan.

## Twee voorbeelde

‘n Natuurlike gevolg van hierdie interpretasiereël is dat die Bybel altyd in ‘n letterlike sin verstaan word, en slegs wanneer die Skrif ‘n verduideliking van 'n simbool of beeld verskaf, moet dit so toegepas word. Dit wil sê, die Skrif word óf letterlik óf geestelik

geïnterpreteer wanneer die ooreenstemmende toepassing in die Skrif gevind word. Hier is twee voorbeelde waarin ons hierdie beginsel van inptepretasie sal gebruik en ons sal aandui hoe dit tot verbeterde insig lei.

## Spreuke 27:17

> Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander.

As jy al ‘n slaghuis besoek het, sou jy dalk gesien het hoe die slagter yster teen yster skuur om die messe se lemme skerp te maak. Dit maak die mes meer doeltreffend. Dit kan so skerp gemaak word dat daar min of geen moeite nodig is om tot by die gewrigte en die murg te sny nie. Ons vind hierdie gedagte hier:

> Prediker 10:10 As die yster stomp geword het, en ‘n mens die snykant nie geslyp het nie, moet hy die kragte meer inspan; maar wysheid is voordelig om iets te laat beantwoord.

Hier is nog ‘n element wat bekendgestel word in die gebruik van 'n mes, en dit is wysheid. Wanneer daar met wysheid opgetree word, kan die sny van die mes meer effektief wees, sodat minder krag benodig word. Ons weet ook die volgende omtrent yster:

> Numeri 35:16 Maar as hy hom slaan met ‘n ystervoorwerp, sodat hy sterwe, dan is hy ‘n moordenaar; die moordenaar moet sekerlik gedood word.

Die Skrif noem ‘n mes of 'n swaard, of enigiets wat van yster gemaak is, wat gebruik kan word om ‘n mens dood te maak, ‘n ystervoorwerp. Dan lees ons ook ‘n toepassing wat gemaak word deur die apostel Paulus:

> Hebreërs 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ‘n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

> Efésiërs 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God …

Kom ons lees weer die vers wat ons ontleed:

> Spreuke 27:17 Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander.

Ons sien natuurlik uit die vers die letterlike begrip van twee stukke yster wat teen mekaar geskuur word om die lem skerp te maak. Ons vind egter in die Skrif dat die Woord van God 'n swaard genoem word. Ons lees dat die Woord van God 'n tweesnydende swaard is en dat die swaard van die Gees die Woord van God is. So vind ons nog 'n betekenis wat uit die vers kom. Yster slyp yster. Die swaard slyp die swaard. Die Woord van God slyp die Woord van God. Vers slyp vers, wat dieper betekenisse gee, sy definisie meer presies en sy verklaring duideliker. Christus se reaksie op hoe Satan 'n Bybelvers gebruik het om Hom te versoek, is 'n voorbeeld hiervan.

Die vers gaan voort: "so slyp die een mens die persoon van die ander." Dit beskryf hoe vriende mekaar deur kameraadskap slyp, deur die gebruik van die Woord van God op die Woord van God. Vriende is diegene wat jou uitdaag, wat jou help insig verkry in dit wat jy nie kan insien nie, wie jou in liefde daarop wys hoe om 'n beter mens te wees, en wat met respek jou begrip kan toets en jou foute kan wys. Die Skrif verklaar met rede:

> Prediker 12:11 Die woorde van die wyse manne is soos prikkels; en soos spykers, diep ingeslaan, is die versamelde spreuke; hulle is deur die enige Herder gegee.

> Spreuke 27:6 Die wonde deur een wat liefhet, is opreg bedoel, maar die soene deur 'n vyand is oorvloedig.

Deur gemeenskap met vriende word die karakters en idees verfyn, nuwe idees aangebied en verskillende begrippe gedeel. Somtyds is die Woord van God baie skerp; terwyl dit in ander as gevolg van gebrek aan oefening stomp en verroes word. Dit is ook so met mense: hul seëninge aan ander vermeerder in dieselfde mate as hul

eie skerpte, hul bekwaamheid en gewilligheid om geslyp te word. Dit is nog ‘n rede waarom ons moet byeenkom.[33] Maar daar is een Herder, die Woord van God, wat skerp genoeg is om die hart te deurvors. Die vers sê:

> Hebreërs 4:12-13 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ʼn beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. (13) En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.

Slegs wanneer ons deur Wysheid, in Sy Gees, deur die Woord van God geslyp word, sal ons in staat wees om staande te bly in die dag van Sy koms.[34]

## Jesaja 7:14-15

> (14) Daarom sal die HERE self aan julle ʼn teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ʼn seun baar en hom Immánuel noem. (15) Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is.

Immanuel sal dikmelk (botter) en heuning eet, sodat Hy kan weet om die kwaad te verwerp en die goeie te kies (sien die King James Vertaling van die vers). Sal die eet van dikmelk (botter) en heuning ons help om die kwaad te verwerp en die goeie te kies? Kom ons lees ‘n paar ander verse oor heuning en eetgewoontes:

> Psalm 119:103 Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond.

> Jeremia 15:16 Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart;

[33] Hebreërs 10:25
[34] Openbaring 6:15-17

want u Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die leërskare!

Openbaring 10:9 En ek het na die engel gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning.

Die Woord van God is so soet soos heuning. Wanneer ons dit in ons lewe ontvang en toepas, is dit asof ons dit eet. Ons lees die volgende oor dikmelk (botter):

Spreuke 30:33 Want drukking van melk bring botter [of dikmelk] voort,

In Spreuke 30:33 en Jesaja 7:15 word daar na onderskeidelik botter en dikmelk verwys. Hier word dieselfde Hebreeuse woord in die oorspronklike Hebreeus gebruik. Botter is die byproduk wanneer melk gekarring of omgeroer word. Botter word gemaak deur melk te karring. Ons lees ook die volgende:

Hebreërs 5:11-14 waaroor ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor. (12) Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat ʼn mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. (13) Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy ʼn kind is. (14) Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.

Melk is die eerste beginsels van die Woord van God. Vaste spyse is vir diegene wat meer volwasse is, wat verby die grondbeginsels van die Woord van God gevorder het. Vaste spyse is vir dié wat hul sintuie geoefen het (wat geestesvermoëns besit), om goed en kwaad te onderskei. Wanneer ons melk karring, kry ons botter of vaste spyse. Dit is wanneer die Woord van God met die Woord van God

gemeng en geskud word (gekarring word), hier ‘n bietjie, daar ‘n bietjie, dat ons die vaste spyse, of botter, verkry. Die vers in Jesaja 7:15 verklaar dat Immanuel dikmelk (of botter) en heuning sou eet, sodat Hy kan weet om die kwaad te verwerp en die goeie te kies. Soos Paulus bevestig het, behoort die vaste spys aan diegene wat, op grond van die gebruik of oefening daarvan, in staat is om beide goed en kwaad te onderskei.

## ‘n Bykomende Gedagte

By alles wat voorheen genoem is, moet ‘n paar Skrifgedeeltes bygevoeg word om 'n meer volledige prentjie te hê. Ons lees die volgende:

> 1 Johannes 2:20, 27 En julle het die salwing van die Heilige en weet alles. (27) En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

Die Heilige van Israel is Jesus.[35] Die dissipels van Jesus sal 'n salwing van Hom ontvang. Dit is hierdie salwing wat hulle alles leer, selfs tot die punt dat ons niemand nodig het om ons te leer as die salwing in ons bly nie. Wat ontvang ons van Jesus wat ons alles sal leer?

> Johannes 15:26 Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.

> Johannes 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Die salwing wat die dissipels ontvang is die Trooster, of die Heilige Gees. Dit is dieselfde salwing (dis is die Heilige Gees) wat ons alle

[35] Handelinge 2:25,27

dinge leer en een van Sy hoofinstrumente wat Hy gebruik, is die Woord van God.[36]

### Gevolgtrekkings

Ons ontvang die Skrif deur die Heilige Gees, wat die Skrif gebruik om die Skrif vir ons te interpreteer. Die Bybel vereis dat ons die omvang van die Skrif definieer, afbaken en uitklaar in die lig van wat die Skrif self leer. Soos geskrywe staan:

> Psalms 36:10 Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.

In Sy lig en voorbeeld en in die lig van die Skrif, ontvang ons nog meer lig. Ons word verlig in die lig van die Woord van God.

## Vyfde Reël

Ons harte moet gewillig wees. Om die Woord van God te laat wortel skiet en in ons lewens vervul te word, om vrug te dra op die regte tyd, moet die grond van ons harte gewillig en gereed wees. Die een wat die Bybel deursoek, berei sy hart voor net soos die tuinier sy grond voorberei en angstig wag vir die saad en die reën. Die menslike wil is nodig. Kom ons kyk na 'n paar verse hieroor:

### Matthéüs 13:3-9

> (3) En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: ʻn Saaier het uitgegaan om te saai; (4) en terwyl hy saai, val ʻn deel langs die pad, en die voëls het gekom en dit opgeëet. (5) En ʻn ander deel het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie grond was nie; en dadelik het dit opgekom, omdat daar geen diepte van grond was nie; (6) maar toe die son opgaan, is dit verskroei, en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog. (7) En ʻn ander

[36] Efésiërs 6:17

> deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik. (8) En ʼn ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die een honderd—, die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

Kom ons definieer 'n paar terme:

> Matthéüs 13:18-19 Luister julle dan na die gelykenis van die saaier. (19) As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is—dit is hy by wie langs die pad gesaai is.

Dit is selfs duideliker in hierdie vers:

> Markus 4:13-14 En Hy sê vir hulle: Begryp julle nie hierdie gelykenis nie? En hoe sal julle al die gelykenisse verstaan? (14) Die saaier saai die woord.

Die saad is die Woord van die Koninkryk van God; die saad is die Woord van God. Die belangrikste kwessie hier is die hoorder se gesindheid. Sy ewige bestemming hang af van hoe hy die Woord van die goddelike Leermeester ontvang. Ons lees ook die volgende:

> Matthéüs 13:19-23 As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is—dit is hy by wie langs die pad gesaai is. (20) En by wie op rotsagtige plekke gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem; (21) maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir ʼn tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik. (22) En by wie in die dorings gesaai is—dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar. (23) En by wie op die goeie grond gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig.

Wat is die hartstoestand wat die Woord van God effektief maak? Daar is drie duidelike stappe: om die Woord te hoor, die Woord te verstaan en dan vrug te dra. Wat is die hartstoestand wat die Woord van God ondoeltreffend maak? Eerstens, elkeen wat die Woord van God hoor en dit nie verstaan nie. Tweedens, elkeen wat die Woord van God hoor, maar struikel omdat daar verdrukking of vervolging ontstaan as gevolg van die Woord en hy dan aanstoot neem. Laastens, elkeen wat die Woord van God hoor, maar die sorge van hierdie wêreld en die bedrog van rykdom maak hom onvrugbaar. Die verse hierbo beskryf die hartstoestande wat die Woord sou verhinder om die bestemming te bereik waarvoor dit gestuur is – dat dit vrug sou dra.

Kom ons lees die volgende verse omtrent insig in die Woord:

> Daniël 10:8-13 Toe het ék alleen oorgebly en hierdie groot gesig gesien, en geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur het aan my verander en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie. (9) En ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, het ek bewusteloos op my aangesig, met my aangesig op die aarde, geval. (10) En kyk, 'n hand het my aangeraak en my op my knieë en op die handpalms waggelend laat opstaan.
>
> (11) En hy het vir my gesê: Daniël, geliefde man, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek, en gaan staan op jou staanplek, want ek is nou na jou gestuur. En terwyl hy hierdie woord met my spreek, het ek bewende gaan staan. (12) Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom; (13) maar die vors van die koninkryk van die Perse het een-en-twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië.

Daniël het ‘n woord in ‘n openbaring ontvang[37] en hy het die visioen verstaan. Daniël het, waarskynlik as gevolg van daardie visioen en/of weens die feestyd, drie volle weke lank getreur. As deel daarvan het hy gedurende hierdie tyd 'n spesiale, ligte dieet gevolg. Na daardie tyd, en nadat die fees van die ongesuurde brode reeds beëindig is[38] ('n simbool van die brood of Woord wat uit die hemel neerdaal[39]), het Daniël nog 'n visioen ontvang waarin 'n engel met hom gepraat het, met woorde wat belangrik is om die openbarings te verstaan. Daniël word erken as iemand wat in die hemel baie geliefd is. Dit moet nie as bevoordeling verstaan word nie, aangesien God geen aannemer van persoon is nie.[40] Daniël was baie geliefd omdat hy God toegelaat het om hom lief te hê.[41] Ons merk op dat 'n patroon hier herhaal word. Johannes die apostel was ook ‘n baie geliefde persoon.[42] Die profetiese openbaring word gegee aan diegene wat die agape van God in 'n groter mate aanvaar het. Diegene wat volgens Petrus se stappe van vordering[43] die naaste aan God is, is diegene wat bevoorreg is om die profetiese visioene te aanskou en dit te verstaan.

Wat het die weg voorberei dat Daniël se woorde in die hemelse howe gehoor is en ’n engel gestuur is om te verduidelik wat tot aan die einde met God se volk sou gebeur? Twee baie belangrike dinge. Eerstens het hy ‘n bewuste besluit geneem om die dinge te verstaan. Hy het nie gekies om onverskillig teenoor die openbaring te staan nie. Inteendeel! Hy wou die Woord en die wil van God ken en verstaan. Tweedens het hy homself voor God verootmoedig. Hy het sy foute en dié van sy nasie erken, en hy het God verheerlik. Hierdie twee voorwaardes is deel van die sleutel om die openbaring

---

[37] Sien Daniël 10:1.
[38] Op die 24ste van die eerste maand (Dan. 10:4) het hy weer ‘n hemelse openbaring ontvang.
[39] Johannes 6:32-35, 63
[40] Romeine 2:11
[41] 1 Johannes 3:1; 1 Johannes 4:19; Romeine 5:5
[42] Johannes 21:20
[43] 2 Petrus 1:5-7

van die Woord van God te ontvang en te verstaan. Die storie eindig egter nie hier nie. Daar was iemand wat daarteen gekant was dat Daniël die openbaring ontvang het. Die wil van die hemel was dat Daniël die openbaring van die eerste dag af moes ontvang, maar dit is wat die Skrif openbaar:

> Daniël 10:13 maar die vors van die koninkryk van die Perse het een-en-twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië…. (20) Toe sê hy: Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet dan nou teruggaan om te veg met die vors van die Perse; en as ek heengegaan het, kyk, dan kom die vors van Griekeland.

Die engel het van die eerste dag af probeer om aan Daniël die insig te gee, maar die vors van Persië wou hom nie toelaat nie. Die engel het teen die vors van Persië geveg en vir een-en-twintig dae lank nie die oorhand gekry nie. Wie is hierdie vors van Persië? In Johannes 14:30 en Matthéüs 4:8-9 het ons die identiteit van die vors van Persië. Hy is die vors of owerste van hierdie wêreld, die een wat die koninkryke van hierdie wêreld beheer. Die owerste van die koninkryke van hierdie wêreld is die Duiwel en as sodanig het hy die mag om hulle prys te gee, soos toe hy dit in die woestyn vir Jesus aangebied het. Die verwysing na Persië is te wyte aan die feit dat Daniël onder Persië se jurisdiksie was, soos dit in die boek Daniël genoem word. As die vors van Persië het die duiwel beheer oor daardie gebied gehad, en een-en-twintig dae lank het hy die engel wat die insig gebring het, belemmer en beveg.

Ons word dan bekend gestel aan Migael[44], een van die vernaamste vorste of engele, wie eers een-en-twintig dae later gekom het om hierdie engel te help oorwin. Naas God is Migael die enigste ander een wat teen die Duiwel kan oorwin. Migael kry die oorhand teen

[44] Migael beteken “een wie soos God is”

die vors van hierdie wêreld. Ons merk op dat die routydperk van een-en-twintig dae ooreenstem met die tyd wat die engel teen die vors van Persië geveg het. Ons wonder wat sou gebeur het as Daniël opgehou het om te bid, om begrip te soek en homself in te rou plaas en te verootmoedig voordat die een-en-twintig dae verby was? Dit blyk duidelik te wees dat dit Daniël se volharding is wat Migael in staat gestel het om in die koninkryk van Persië in te gryp. Sy aandrang om insig te verkry veroorsaak in die eerste plek dat 'n engel gestuur word om hom begrip te gee, en een-en-twintig dae later, na Migael se ingryping, kon hierdie engel hom die begrip gee wat God hom wou gee.

Hierdie volharding voor die genadetroon word ook in twee ander verhale gevind: eerstens toe Jakob met die engel geworstel het[45], en tweedens by die onregverdige regter[46]. Hierdie drie verhale openbaar die diep begeerte van 'n hart wat deur God beïnvloed word. Hierdie diepte word geopenbaar in die gelykenis van die kosbare pêrel.[47] Hoe kosbaar is die waarheid vir ons? Hoe kosbaar is Jesus as persoon vir ons? Hoeveel waardering het ons vir die geskenk om die hemel te kan betree?

Die tweede toestand waarin die Woord nie vrug oplewer nie, is as die Woord, wanneer dit aanvaar word soos dit is, konflik, vervolging en ergernis bring. Die derde voorwaarde waaronder die Woord nie vrug dra nie, is wanneer die sorge van hierdie wêreld en die soeke na gemak die Woord onvrugbaar maak.

Ons kan ons in 'n situasie bevind waarin die aanvaarding van die Woord van God dalk nie gewild is nie, en om daarvolgens te lewe, kan impliseer dat ons die meerderheid teëstaan. Dit kan beteken dat ons ander weë as ons gesin of familie betree; dit kan ook beteken om 'n ander oortuiging as ons godsdienstige gemeenskap te hê. As ons kyk na die geskiedenis van die volk van God deur die eeue, was

---

[45] Génesis 32:22-30
[46] Lukas 18:1-8
[47] Matthéüs 13:45-46

hierdie omstandighede eerder die norm as die uitsondering. Trouens, dit is wat die Bybel sê:

> 2 Timótheüs 3:12-13 En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word. (13) Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word.

Let op hoe vervolging verband hou met misleiding, dit wil sê met die verkondiging van leuens in plaas van waarheid, en bose mense wat mislei en mislei word. Om te mislei en mislei te word, is in noue verband met die goddeloosheid van mense.

> Matthéüs 10:21, 24-25 Maar die een broer sal die ander tot die dood oorlewer en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak… (24) 'n Leerling is nie bo die meester nie en 'n dienskneg ook nie bo sy heer nie. (25) Dit is vir die leerling genoeg dat hy soos sy meester word en die dienskneg soos sy heer. As hulle die heer van die huis Beëlsebul genoem het, hoeveel te meer sy huisgenote!

Christus waarsku Sy dissipels dat die dissipel nie bo sy meester sal wees nie. Maar die Bybel sê ook:

> Markus 10:29-30 En Jesus antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My en van die evangelie verlaat het nie, (30) of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en grond, saam met vervolginge, en in die eeu wat kom, die ewige lewe.

Diegene wat hul God ken, weet dat Hy beleefd is, en dat Hy Sy Woord beter sal vervul as wat Sy dissipels hulle kan voorstel. Ongelukkig hou die vlees van nature vas aan die sigbare, in plaas

van die onsigbare.[48] Wanneer ons gekonfronteer word met die vooruitsigte van beproewing, om uit die kerkboeke gehaal te word en 'n mens se reputasie beswadder word, word die geloof van baie geskud. Soms kan selfs die feit dat 'n mens vir 'n godsdienstige instelling werk 'n hindernis vir Bybelstudie wees, veral wanneer jou studie in 'n rigting lei wat teen die tradisies van daardie instelling indruis. Dit raak nie net vriendskappe en familie nie, maar veroorsaak ook dat werksverhoudings en die werk self in die gedrang kom. Dit is hoe die Woord van God vervul word, nie omdat God dit so wil hê nie. Die Woord van God verloor sy doeltreffendheid in baie mense wanneer dit vervolging, beproewing en die verlies van tydelike voorspoed bring. Waaraan baie nie aandag sal gee nie, is die groot aantal subtiele maniere waarop 'n mens eintlik die Woord van God kan doodsmoor. Ons moet van Christus leer, en bereid wees om ons ambisies, begeertes en onsself op die altaar te plaas, sodat die Woord van God sy vredevolle vrug kan lewer. In watter tipe grond kan die Woord van God ontvang word? Hoe moet ons Christus, die saad, ontvang[49]?

> Lukas 8:15  En wat in die goeie grond val—dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in ʼn edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra.

Die goeie grond is 'n eerlike (edele) en goeie hart, wat dan, nadat die Woord gehoor is, dit bewaar en met geduld laat vrug dra. Wie is die een met 'n eerlike (edele) en goeie hart? Almal wat opreg die wil van God wil doen, want daar staan geskrywe:

> Johannes 7:17  As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek.

Met ander woorde, om doktrine (die leer) te ken, is dit nodig om die begeerte te hê om die wil van God te doen. Dan sal die waarheid

---

[48] Hebreërs 11:24-27
[49] 1 Johannes 3:9

bekend gemaak word. Hulle wat die wil van God najaag, en hulself wil oorgee om die oortuigings van die Heilige Gees te volg, het ‘n eerlike (edele) en goeie hart. Hulle sal die Woord van God hoor asof daar persoonlik met hulle gepraat word, en as sodanig sal hulle dit waardeer en altyd bewaar.

> Markus 10:15 (15) Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos ‘n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.

Jesus sê dat om die Koninkryk van God te ontvang, ons dit soos ‘n kindjie moet ontvang. Wat is die Koninkryk van God? Hier word dit verduidelik:

> Markus 4:26, 30 En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer ‘n mens die saad in die grond gooi … (30) En Hy het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel? (31) Dit is soos ‘n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die soorte saad op die aarde wanneer dit in die grond gesaai is.

Wanneer Jesus praat van die koninkryk, verwys Hy na saad, en verwys so na die Woord van God wat in ontvangs geneem word.

> Matthéüs 11:25 In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.

Waarom word kindertjies toegelaat om die koninkryk te ontvang? Eerstens is 'n klein kindjie liggelowig, hy glo gewoonlik alles wat vir hom vertel word en handel volgens daardie oortuiging, totdat hy uitvind dat mense vir hom kan lieg. Daarbenewens is 'n klein kindjie nuuskierig en smag na begrip. Dit is welbekend dat daar 'n ouderdom is waartydens kinders gedurigdeur die vraag *hoekom* vra. Hulle sien die wêreld om hulle en hulle verken alles. Hulle

breine is soos sponse. Dit is hoe volwassenes moet wees, om die saad te ontvang.

Daarbenewens lees ons die volgende verse:

> Lukas 10:21-22  In dieselfde uur het Jesus Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae. (22) Alles is aan My oorgegee deur my Vader; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar.

Jesus het die twee-en-sewentig uitgestuur, en met hulle terugkoms was Jesus verheug. Die dissipels se ondervindings tydens daardie sendingreis was 'n getuienis van Christus se sending, 'n getuienis wat die woorde van Jesus as waar verklaar het en Jesus se identiteit as die Messias van hierdie wêreld bevestig het.

Daarna verheerlik Jesus Sy Vader. Hoekom doen Hy dit? Hy doen dit omdat die Vader hierdie dinge vir wyse en verstandiges verberg het, maar dit aan kindertjies geopenbaar het. Jesus verklaar dan sonder versuim watter openbaring dit is wat die kindertjies ontvang: Sy identiteit en missie. Jesus sê: “Alles is aan My oorgegee deur my Vader.” Jesus verklaar Homself die Voorbidder van die wêreld. Daar is niks wat nie in die hande van die Seun oorgegee is nie. Toe Jesus gekom het, was die manne van die wêreld (die wyses, die verstandiges) nie in staat om, in hul eie wysheid, die Seun van God in Sy nederige gestalte te eien nie. Slegs die kindertjies, hulle wat in eenvoud van gees geluister, geglo en Hom gevolg het, kon die heerlikheid van die karakter van die Seun onderskei.

> Johannes 14:8-10  Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.

> (9) Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? (10) Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.

Deur die Seun te aanskou, leer ons van die Vader en weet ons wie die Vader is. Jesus sê self vir ons dat sy woorde die werke van Sy Vader is. In die volmaakte mens Jesus word die heerlike eienskappe van die Vader gevind,[50] die volheid van die Godheid[51] wat in Christus woon. Om Jesus te sien is om die Vader te sien. Kom ons lees nog een vers wat ons bevinding sal bevestig:

> Matthéüs 16:13-17 En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?
>
> (14) En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete.
>
> 15) Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?
>
> (16) En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.
>
> (17) Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

Wie is Jesus? Ons het voorheen gesien dat die openbaring van wie Jesus is, deur die Vader aan kindertjies gegee word. Op Jesus se vraag wie Hy is, is dit Petrus wat antwoord en sê: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.” Jesus verklaar Petrus dan as 'n geseënde man, omdat hy daardie openbaring van die Vader wat in die hemel is, ontvang het.

---

[50] 2 Korinthiërs 4:6
[51] Kolossense 2:9

## ‘n Bykomende gedagte

Kom ons gaan voort om te hersien hoe die openbaringsproses plaasvind. Hoe word Jesus Christus aan die mens geopenbaar? Hoe word daardie openbaring gegee? Ons voeg die volgende by wat ons reeds gedek het:

> Maleági 2:7 Want die lippe van ‘n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is ‘n boodskapper van die HERE van die leërskare. (Sien ook KJV).

> Hebreërs 13:7, 17 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na… (17) Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

Die priester (of leraar) se woorde moet kennis oordra.[52] Die priester moet onderrig gee uit die wet. Die priester is die boodskapper van die Here, en ons moet hom as sodanig eer. Dié wat uit die wet onderrig gee, is die heersers en moet hul optrede en gesprekke as sodanig in aanmerking neem. Ons moet ernstig bid vir ons leraars en geestelike leiers. Hier kom die tweede versoeking in die woestyn weer voor.[53] Dit mag wees dat sommige van hulle nie in ag neem dat God aan kindertjies kennis en verstand gee nie. Hulle kan dalk begin glo dat hulle wys en verstandig is, sodat die voorgeskrewe hartstoestand geïgnoreer word. Hulle hou op om soos kindertjies te wees. Hulle mag in die versoeking kom om te glo dat hulle gesamentlike besluite geïnspireer en gesaghebbend is, sodat die res van die openbaring geïgnoreer word, naamlik dat hul outoriteit op die Skrif alleen gebaseer is. Daar staan “ook” geskryf, wat

---

[52] Matthéüs 13:51-52

[53] Matthéüs 4:5-7

meermale beteken, dat om die Woord te ontvang, ‘n eerlike (edele) en goeie hart benodig, wat slegs die Here kan gee,[54] want ‘n bedrieglike hart sal mislei. Daar is “ook” geskryf (“ook” beteken om by te voeg en uit te brei):

> Psalm 23:1 Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.

Die Here wil my lei! Hy wil ‘n direkte, persoonlike verhouding met my hê! Daar is “ook” geskryf:

> Johannes 6:45 Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe.

> Jakobus 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word. (6) Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.

Dit is ‘n kosbare waarheid! God wil ons in 'n intieme persoonlike verhouding inneem waar elkeen van ons aan Sy voete kan sit. Kom ons ontvang die volle Woord van God, terwyl ons steeds bid vir ons geestelike leiers, en terwyl ons soek na daardie persoonlike verhouding met die Here.

## Gevolgtrekkings

Om die Woord van God te verstaan, vereis 'n hart wat bereid is om dit te ontvang. Die woorde moet verstaan word, nie net bloot gehoor word nie. God is gretig om begrip te stuur na diegene wat daarvoor vra. Daar kan geestelike struikelblokke wees, maar uiteindelik sal Jesus Christus alle struikelblokke verwyder. Oortredings, lyding en die sorge en rykdom van hierdie wêreld keer dat die Woord vrug dra. Slegs hulle wat soos kindertjies in hul gees is, wat God as hul Vader beskou en al Sy woorde as sodanig

[54] Psalm 51:12; Jeremia 17:9

ontvang, sal die Woord ontvang. Deur die Seun te aanskou, leer ons van die Vader en weet ons wie die Vader is. Die openbaring van Jesus Christus word deur die Vader aan kindertjies gegee. Die boodskap van die evangelie, die boodskap van die Vader en die Seun, kan ontvang word deur almal wat dit soos kindertjies ontvang. Die natuurlike proses van openbaring is deur die priester as 'n boodskapper van God: hy moet kennis bewaar, en die wet moet op sy lippe wees; maar God begeer om, net soos ’n Vader, ’n noue persoonlike gemeenskap met elkeen van ons te hou, waarin ons wysheid en begrip van Hom kan ontvang.

## Algehele gevolgtrekkings

Dit is die basiese vyf reëls van interpretasie. Alle Skrifte moet aanvaar word, sonder om by te las of weg te neem. Die Skrif kan nie weerspreek word nie, en moet verduidelik word deur die Skrif self te gebruik, terwyl ons bid dat God ons harte sal verander en ons lig sal gee.

Daar is 'n paar punte wat uitgelig kan word. Die eerste een is dat God, as die Skepper van die menslike denke, mees geskik is om die beste onderrigmiddel daarvoor te ontwikkel. In daardie opsig is die Skrif onoortreflik, aangesien dit spesifiek vir die menslike toestand ontwerp is. Ons kan leer uit die onderrigbeginsels wat in die Bybel toegepas word om dit in alle onderrig-areas te herhaal.

Een van die dinge wat ons in die Bybel sien, is die beginsel van herhaling en uitbreiding. Ons sien dat in een deel van die Bybel 'n boodskap gegee word, en dan op 'n ander plek weer dieselfde boodskap, maar uit 'n ander hoek, en dan word dit weer iewers anders in 'n ander opset herhaal. Nog 'n beginsel wat ons duidelik in die Bybel kan sien, is die gebruik van beelde en illustrasies. Ons het 'n paar voorbeelde vroeër in hierdie boekie reeds behandel. Die herhaling bring 'n uitbreiding van inhoud wat help om die onderwerp in oorweging te ontwikkel. Daar is verskillende voorbeelde hiervan, maar ons kan kortliks twee noem: Een daarvan

is die evangelie. Daar is nie net een boek oor die evangelie nie, maar vier verskillende boeke, elkeen met sy eie unieke perspektief, wat die gebeure beskryf wat meer relevant was vir elke skrywer. Die verhale herhaal en versterk hulself in die evangelies. Die ander voorbeeld is die profesieë wat in die boek Daniël gevind word. Alles het begin met Nebukadnésar se droom in hoofstuk 2. Dan word dieselfde patroon in Daniël hoofstuk 7 herhaal, maar vanuit 'n ander perspektief, en verder weer herhaal in die visioen van Daniël 8 en 9, en dan afgesluit met wat in die laaste hoofstukke van die boek aangebied word. Die latere profete herhaal en brei ook uit op die werk van vroeëre profete, deur dit wat vroeër geskryf is, duideliker te maak.

Soos ons progressief deur die Bybel beweeg, verruim die grense van ons kennis, dek meer en meer grond, sodat ons in staat is om meer daarvan in te sien. Dit lei ons tot die oortuiging dat ons nie veilig kan wees as ons net een vers as bewys van iets gebruik nie. Hoe meer gedeeltes ingesluit word, hoe duideliker word die begrip.

Wanneer ons die Skrif bestudeer, sal daar tye wees waarin die beskikbare getuienis teenstrydig sal lyk. Dit sal onmoontlik lyk om een vers te ondersteun sonder om 'n ander een ongeldig te maak. Soms los die oënskynlike teenstrydighede hulself in dieselfde konteks op; soms nie. Ander kere sal ons vind dat die teenstrydighede oplos wanneer ons na die betekenis van 'n woord kyk, veral in sy oorspronklike taal, maar soms nie.

Die mislukking en gevolge van die nie-inkorporering van twee oënskynlik teenstrydige konsepte word herhaaldelik geïllustreer in die geskiedenis. Israel het gewag op die koms van die Messias in heerlikheid. Die hoop van die nasie, die leiers sowel as die mense, was in die koms van die Messias in Sy majesteit gesetel. Maar die Bybel gee ook getuienis van die lydende Messias. Die onvermoë om die volle openbaring van die Messias by hulle oortuigings te voeg, het die gevolge gebring wat ons almal ken in Sy verwerping en kruisiging. Waarom het die volk van God hierdie pad geloop?

Wat was die omstandighede wat daartoe gelei het dat hulle 'n deel van die waarheid heeltemal geïgnoreer het? Watter rol het die geestelike leiers gespeel? Gekonfronteer met so 'n gebeurtenis wat soveel frustrasie en bloedvergieting meegebring het, moet ons nie by ons voorvaders leer nie?

Dit was nie 'n gebrek aan intellektuele krag nie; in hierdie sake is dit nooit die probleem nie. Die antwoord is in die hart, in ons menslike natuur.[55] Hierdie verhaal is 'n spieël wat ons help om te verstaan waarom ons natuur geneig is om Bybelse konsepte te verwerp wat in stryd is met ander konsepte, al bevat dit soms wonderlike beloftes. Hierdie natuurlike toestand van die hart sal homself altyd openbaar tensy dit deur die Gees van God in toom gehou word.

Ons hoef egter nie bang te wees vir hierdie teenstrydighede nie. Inteendeel, ons moet teenstrydighede soek, dit noukeurig ondersoek en waarde daarin vind. Die oënskynlike teenstrydighede is tekens dat ons begrip onvolmaak is; hulle is 'n belofte van groter lig. Die Skrif self sal die probleme oplos. Soms is ons geneig om twee standpunte te bespreek en daaroor te redeneer, in plaas daarvan om die denke toe te pas waardeur hulle deur verdere skriftuurlike studie en gebed saamgesmelt word tot een diepere insig. Dit is in hierdie situasie dat die tweedimensionele beeld in diepte en visie uitgebrei word. Soms is hierdie onvermoë om die twee beelde in een te versmelt die rede waarom die Skrif vergeestelik word. Geestelike betekenisse word gegee aan stellings wat ons nie in hul letterlike sin kan versoen nie, terwyl dit in

---

[55] "Waarom het so vele in Jesus se tyd nie daarin geslaag om God se selfopenbaring in Jesus te herken nie? Omdat hulle geweier het om hulle te onderwerp aan die leiding van die Heilige deur die Skrifte, het hulle God se boodskap verkeerd vertolk en hul Verlosser gekruisig. Hul probleem was nie een van intellek nie. Dit was hul geslote hart wat die gees verduister het en tot hul ewige verdoemenis gelei het." Sewendedag Adventiste Glo, bladsy 18.

werklikheid in die samesmelting van die letterlike is waar die visie diepte en rykdom ontvang.

Die oënskynlike teenstrydighede is 'n deur na kennis. Wanneer hierdie oënskynlike teenstrydighede deur die Skrif opgelos word, gaan 'n nuwe kennisveld vir die student oop, terwyl dit groter orde gee aan vorige begrip. En terwyl ons nuwe dinge verken, sal verdere geslote deure gevind word wat wag om oopgemaak te word. Ons sal ook teenstrydighede vind wat vir ons te hoog mag wees en wat dalk eers verskeie lae van begrip sal verg, voordat dit ontsluit kan word. Wanneer hierdie teenstrydighede opgelos word, veral wanneer dit na die karakter van God verwys, openbaar dit die skoonheid en volmaaktheid van Sy karakter. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde wat ons sal help om die betekenis van sommige gedeeltes in die Skrif te verstaan deur die interpretasiereëls wat ons hier ontwikkel het, te gebruik.

## ‘n Voorbeeld: “Julle moet niemand op aarde julle vader noem nie …”

> Matthéüs 23:9 En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is.

Is hierdie opdrag wat Christus gegee het van toepassing op ons verhouding met ons aardse ouers? Die gebod sê tog:

> Exodus 20:12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Die gebod van God spreek ons aardse vader aan as "vader", en spoor ons aan om hom as sulks te eer. Kan ons nie ons vader in die vlees "vader" noem nie? Is dit die betekenis van Jesus se opdrag?

Dit is 'n natuurwet dat elke mens uit 'n moeder gebore is en lewe van 'n vader ontvang het. Dit word erken deur hierdie gebod self, deur ons uit te nooi om ons vader en ons moeder te eer. Daarom

kan ons eerstens opmerk dat dit teen die natuurwette is om niemand as "vader" aan te spreek nie. Maar wat het Jesus dan bedoel? Kom ons lees nog 'n vers:

> Génesis 4:21  Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die vader van almal wat op siters en fluite speel.

Hier sien ons dat die term "vader" gebruik word vir almal wat 'n sekere praktyk navolg. "Vader" is die naam van die bron van 'n praktyk, gedrag of optrede. Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld hiervan:

> Matthéüs 5:44-45  Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; (45) **sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is**; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

Jesus spreek hier oor die geestelike betekenis van "kinders" en "vader". Om iemand se kinders te wees, is dit nodig om die werke van hierdie persoon te doen, om sy gedrag te hê. Jesus herhaal hierdie konsep later weer:

> Johannes 8:41-43  Julle doen die werke van jul vader. Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God. (42) En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. (43) Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.

As die Fariseërs werklik God as hulle Vader gehad het, sou hulle Christus liefgehad het. Christus verklaar hier dat, omdat hulle Hom nie liefhet nie, hulle hulself nie as kinders van God kan reken nie. Weereens word die begrippe herhaal: ons is kinders van die een na wie ons luister; ons is kinders van Hom wie se voorbeeld ons volg;

en ons is kinders van Hom wie se dade ons doen. Kom ons lees weer die betrokke vers:

> Matthéüs 23:9 En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is.

Ons mag ons aardse vader, van wie ons ons fisiese lewe ontvang het, “vader” noem. Tog moet ons niemand as 'n vader op hierdie aarde beskou nie. Hoekom nie? Want daar is net een Vader, een bron, een skepper van alles.[56] Dit is Hy na wie ons moet luister en navolg. Sy karakter behoort ons rolmodel te wees. As ons Sy woorde en dade ontvang, sal dit ons omskep in Sy kinders.

> Efésiërs 5:1 Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders;

So kan ons Sy kinders word en dit gebeur deur Christus te aanskou, deur die lig van die aangesig van Christus te aanskou, wat aan ons die volheid van God se karakter openbaar.

## ’n Tweede Voorbeeld: “As jy kwaad word, moenie sondig nie”

Ons het gesien dat ons ons hemelse Vader behoort te aanskou in die lig van die lewe van Christus, en Sy karakter na te volg en te ontvang.

> Kolossense 3:5-8 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, (6) waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, (7) waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. (8) Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond.

[56] 1 Korinthiërs 8:6

Paulus nooi ons om aardse dinge in ons lewe dood te maak, onder andere woede en toorn. Maar net daar in dieselfde frase sien ons dat die toorn van God oor die kinders van ongehoorsaamheid kom. Hoe kan dit moontlik wees? Kan dit wees dat God ons roep om nie woede of toorn te dra nie, dat dit slegs vir Homself gereserveer is? In die lig van wat voorheen oorweeg is, hoe kan ons God dan navolg? Hoe kan ons Sy kinders word? Ons kan ook vra: Hoedanig is God? Hoe tree God op wanneer Hy kwaad is? Wat doen hy? Word Hy soos 'n mens kwaad? Kan die woede van die mens vergelyk word met die woede of die toorn van God? Kan dit wees dat God skielik in ‘n woedebui uitbars en skree en gewelddadig optree? Dit is hoe aardse mense optree, en dit is wat ons gevra word om opsy te sit. Is God se woede soos die mens se woede? Kom ons gaan voort om die konteks te lees van dieselfde vers wat ons oorweeg het:

> Kolossense 3:9-11  Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het (10) en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, (11) waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Skith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal.

Die toorn van God kom oor die kinders van ongehoorsaamheid as gevolg van, onder andere, die woede en toorn wat deur die aardse mens geopenbaar word. Die oproep is egter dat die ou mens afgelê moet word en dat ons ons met die nuwe mens moet beklee, na die beeld van Christus. Met ander woorde, wanneer Christus alles en in almal is, wanneer ons ons met Christus beklee, sit ons, onder andere, woede, toorn, boosheid, ens. opsy. Let op, dit is belangrik, want hierdie woord “toorn” is dieselfde woord in die oorspronklike Grieks wat gebruik word vir die toorn van God. Aangesien Christus die openbaring van die Vader self is, die afdruksel van Sy wese,[57] is dit duidelik dat die toorn van die mens nie die toorn van God is

[57] Hebreërs 1:3; Kolossense 1:15

nie, want die toorn van die mens sal nie in ons wees as Christus in ons woon nie.

> Jakobus 1:16-21 Moenie dwaal nie, my geliefde broeders. (17) Elke goeie gif [geskenk] en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. (18) Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees. (19) So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word. (20) Want die toorn van ‘n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie. (21) Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.

“Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.” (Afrikaanse 83 Vertaling). Om hierdie rede word ons aangespoor om gewillig te wees om God se stem te hoor, stadig om te praat en stadig om kwaad te word. Ons moet stadig wees om toornig te word, want dit kom nie van God nie, aangesien elke goeie en volmaakte gawe van God kom. Jakobus verduidelik die rede hiervoor: die toorn van die mens bring nie die geregtigheid van God nie. Klaarblyklik, totaal anders as die toorn van die mens, bring God se toorn wel die geregtigheid van God. Dan vra ons onsself af, wat is God se geregtigheid?

> Psalm 119:172 My tong sal u woord besing, want al u gebooie is geregtigheid..

> Jesaja 51:7 Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is! …

Al God se gebooie is geregtigheid. God se wet is God se geregtigheid. Let op, die Tien Gebooie, gegraveer op klip, is slegs 'n verklaring van God se geregtigheid in menslike woorde, en om

dit in die hart te hê, is om God se geregtigheid te hê. Die Tien Gebooie is 'n beskrywing van God se wese, van Sy karakter en Sy lewe. Die wet is geestelik,[58] en agape-liefde is die groot beginsel of gees waaronder dit funksioneer.[59] Dus is die gebod “jy mag nie doodslaan nie” ook geestelik, want die wet is geestelik, wat nie net die daad self aandui nie, maar ook die gedagtes en die hart van die mens. Let op hoe Christus dit self verduidelik:

> Matthéüs 5:21-22 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. (22) Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

Die geestelike betekenis van die gebod “jy mag nie doodslaan nie” sluit woede en toorn teenoor jou broers in. As ek kwaad is vir my broer, is ek reeds skuldig daaraan om ander te oordeel, ek het reeds die wet oortree. As ek hom as Raka aanspreek of ‘n dwaas noem, het ek reeds gesondig. Christus is na hierdie wêreld gestuur om die geregtigheid van God te openbaar en dit aan ons bekend te maak.[60] Ons, wat in ons vleeslike toestand nie die lewe van God ken nie, ontvang Christus en die wet in sy gees, sodat dit ons die volmaakte en volledige weerspieëling van die volmaaktheid van die karakter van God se lewe, van Sy lewenswyse, kan gee.

> 2 Korinthiërs 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

---

[58] Romeine 7:14
[59] Matthéüs 22:36-40; Romeine 13:10; Galásiërs 5:14
[60] Romeine 3:21; Psalm 40:10,11

In Christus verkry ons geregtigheid van God. Wanneer ons in Christus bly en Hy in ons, ontvang ons die lewe van God deur Christus. Ons ontvang Sy lewenstyl. Hy skryf in ons harte en in ons gedagtes die wet van God in Sy gees.

> Romeine 5:17 Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.

God se geregtigheid is in die gawe van Christus se denke en karakter – Sy liefde en vertroue in Sy Vader se wil. Dit is dus onmoontlik dat die toorn van God soortgelyk aan die toorn van die mens is, want die toorn van die mens onderhou nie die gebooie nie. Dit is onmoontlik vir die vleeslike mens om dit te doen; hy verbreek spesifiek die gebod "jy mag nie doodslaan nie" wanneer hy kwaad word vir sy broer, wanneer hy sy naaste as Raka of dwaas aanspreek. Christus, ons ouer broer, die een wat die Vader weerspieël, was nooit kwaad nie, en het nooit enige van Sy jonger broers[61] 'n dwaas of Raka genoem nie. Die toorn van God is sonder sonde; dit is van so 'n aard dat dit Sy hele wet volkome vervul. Dit is die enigste toorn wat die mens behoort te openbaar:

> Efésiërs 4:26 **As julle kwaad word, moenie sondig nie**, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. (AFR83)

Ons word opgeroep om nie die woede van die mens te hê nie. As daar woede is, laat dit sonder sonde wees, laat dit wees sonder om ander dwaas te noem. Laat dit die toorn van God wees. Maar hoe is dit moontlik? Klaarblyklik moet ons duideliker kan definieer wat God se toorn is.

Die mens kan God se werk en Sy optrede aanskou, maar tensy dit uit die Skrif verduidelik word en deur die Gees van God gelei word,

---

[61] Hebreërs 2:11-17

word die mens se gedagtes beperk deur sy eie werklikheid en toestand. God verklaar hoe ver die mens van God af is: So hoog as wat die hemel van die aarde is, so is God se weë hoër as dié van die mens, en God se gedagtes as dié van die mens.[62]

Kom ons onthou die belangrikheid van die beginsels van interpretasie om lig te ontvang oor enige gedeelte in die Bybel. Toe Christus aarde toe gekom het, het Hy nie die geskrifte van die Ou Testament verwerp nie, maar in plaas daarvan het Hy dit verhef. Hy het bevestig dat Hy nie gekom het om die wet te oortree nie, maar om dit te vervul in die gees waarmee dit gegee is. So volg ons Christus na deur te verklaar dat die hele Woord geldig is. Tweedens mag ons geen woord of konsep daarby voeg nie. Derdens mag ons nie idees of konsepte wat in die Skrif is, verwyder nie. Vierdens moet ons die Bybel homself laat interpreteer. Die Bybel self verduidelik en definieer die terme en die onderwerpe wat ons bestudeer. Vyfdens, ons moet tot God bid vir Sy Gees, dat Hy Sy wil aan ons bekend kan maak en dat ons die toorn van God kan verstaan.

Christus is die beeld van God. As ons God wil leer ken, behoort ons Christus te aanskou. En deur Christus te aanskou, wat sien ons met betrekking tot toorn, woede en drif?

> Markus 3:1 – 7 En Hy het weer in die sinagoge gegaan, en dáár was ʻn man met ʻn verdorde hand. (2) En hulle het Hom in die oog gehou, of Hy hom op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aanklae. (3) En Hy sê vir die man met die verdorde hand: Staan op in hul midde.
>
> (4) Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, ʻn lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly. (5) **En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart**, sê Hy vir die man: Steek jou hand

[62] Jesaja 55:8,9

uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een.

(6) Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring. (7) En Jesus het met sy dissipels teruggegaan na die see toe, en ʼn groot menigte het Hom gevolg uit Galiléa en Judéa…

Let mooi op wat gebeur het: Christus het die sinagoge binnegegaan en 'n siek man gesien. Hy het diegene wat verklaar dat hulle volgelinge van God is, gevra: "Is dit geoorloof om goed te doen op die sabbatdag?" Is dit geoorloof om te genees, om lewe te gee? Tog het niemand gereageer nie, hulle wou Hom nie antwoord nie. Dit was vir hulle onmoontlik om te bevestig dat dit geoorloof is om goed te doen. Hierna het Christus kwaad geword. Hier het ons die woord "toorn", dieselfde een wat ons gesien het in ander tekste wat ons uit die Nuwe Testament aangehaal het. Maar wat let ons op? Hy het na hulle gekyk en daar was woede in Hom. Hoekom? Omdat Hy die hardheid van hulle harte gesien het; Hy kon elkeen van hulle verskonings, om nie in die lig te kom nie, sien en lees.

Ons weet dat hardheid van hart deur sonde veroorsaak word.[63] Christus is bedroef. Hy is hartseer, want Hy kan die einde van die pad wat hulle gekies het, sien. Hy is bedroef, want hulle het hulle harte verhard teen die werking van die Heilige Gees, en dit distansieer hulle van verlossing. Christus is kwaad, nie vir Sy broers nie, maar omdat die sonde in hulle lewens hulle distansieer van die lewe van God wat deur Sy Gees aangebied word. Christus is bedroef oor hulle wanneer Hy hulle verharde harte sien.

En wat doen Jesus met sy woede? Hy onttrek; Hy gaan see toe. Ons sien dus dat Jesus teen sonde is; Sy woede is gemik op die sonde en wat sonde veroorsaak. Hierdie woede kom met pyn en hartseer oor die hardheid van die hart wat veroorsaak word deur die misleiding van sonde. Hierdie woede is smart, want Hy moet

[63] Hebreërs 3:13

onttrek wanneer Hy voor hierdie hardheid van hart te staan kom. Sy passie word aangewakker, want deur te onttrek, sal Hy hulle nie kan seën nie. Christus dring Homself nie op nie; Hy dwing niemand nie. Wanneer hy voor weerstand te staan kom, onttrek Hy met 'n bedroefde hart, ‘n hart vol smart.

Aan die ander kant, wat gebeur met die mens? Wanneer diegene wie se harte verhard is, gekonfronteer word met die woede, smart en hartseer van Christus, wat waarskynlik in Sy gesig en Sy stemtoon weerspieël word, kom hulle byeen om Hom dood te maak. Hier, in hierdie kort en eenvoudige gedeelte, sien ons die patroon van die toorn van God gemanifesteer in die lewe van Christus. God bied redding aan, maar die hardheid van die hart weerstaan die goeie. Wanneer God gekonfronteer word met die hardheid van die hart, openbaar God Sy woede, wat spesifiek bestaan uit hartseer as gevolg van die verharding van die hart, en die onttrekking van Sy teenwoordigheid. Wanneer dit gebeur, wil die mens Christus vernietig.

Jy mag dalk nou vra, maar hoe vind ons al hierdie dinge in die Ou Testament? Hoe word God se toorn in die Ou Testament uitgebeeld? Weens beperkte spasie sal ons nie al die gevalle bespreek nie, maar slegs een voorbeeld ondersoek, aangesien daar aangedui word dat dit op alle omstandighede van toepassing is.[64]

> Deuteronómium 31:16-18 Toe sê die HERE vir Moses: Kyk, jy ontslaap met jou vaders, en hierdie volk sal opstaan, en hulle sal die vreemde gode van die land waarheen hulle gaan, in sy midde agternahoereer en My verlaat en my verbond verbreek wat Ek met hulle gemaak het. (17) Dan sal my toorn op dié dag teen hulle ontvlam, en Ek sal hulle verlaat en my aangesig vir hulle verberg, sodat hulle verteer word en baie onheile en node hulle oorkom. Dan sal hulle

[64] Vir verdere studie omtrent die toorn van God, verwys asb. na *God se barmhartige toorn* en *Agape* op maranathamedia.co.za/af; asook *God’s Strange Act* op maranathamedia.com.

> op dié dag sê: Het hierdie onheile ons nie oorgekom, omdat onse God nie onder ons is nie? (18) Maar Ek sal op dié dag my aangesig heeltemal verberg weens al die kwaad wat hulle gedoen het; want hulle het na ander gode afgewyk.

Let op na die volgorde van gebeure. Die mense sou God verlaat en agter vreemde gode aan loop. Die mense sou God se verbond verbreek. Die verbreking van God se verbond is die verharding van die hart, om die oortuiging van sonde en die aanbod van vergifnis te weerstaan. Om die verbond te verbreek is om die stem van die Heilige Gees wat ons roep om Hom te aanvaar, te verwerp. Wanneer dit gebeur, vertel die vers vir ons dat God se toorn ontvlam. Die hele proses is duidelik uiteengesit. Wanneer God se toorn ontvlam, verlaat Hy hulle en verberg Hy Sy aangesig vir hulle. Dit veroorsaak dat baie van hulle verteer of vernietig word en dat baie onheile en node hulle tref. Dit alles gebeur omdat God nie meer onder hulle is nie.

Die toorn van God word dus gemanifesteer deurdat God hulle verlaat en hulle aan hulle eie gode oorgee. God onttrek omdat hulle Hom nie meer in hul lewens wil hê nie, en God respekteer hul besluit. Deur te onttrek, deur hulle uit te los, deur weg te draai van hulle, laat Hy hulle oor aan hulle eie genade, en onheile kom oor hulle. Kan ons dit duidelik sien in die lewe van Israel?

> Rigters 10:6-7, 15-16 En die kinders van Israel het weer gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, en hulle het die Baäls en die Astartes gedien, en die gode van Aram en die gode van Sidon en die gode van Moab en die gode van die kinders van Ammon en die gode van die Filistyne, en hulle het die HERE verlaat en Hom nie gedien nie. (7) Daarom het die toorn van die HERE ontvlam teen Israel, en Hy het hulle verkoop in die hand van die Filistyne en in die hand van die kinders van Ammon … (15) Toe sê die kinders van Israel aan die HERE: Ons het gesondig; maak met ons net soos dit goed is in u oë; verlos ons tog net

> vandag. (16) En hulle het die vreemde gode uit hulle midde verwyder en die HERE gedien; toe het Hy ongeduldig geword oor die moeite van Israel. [KJV: … and his soul was *grieved* for the misery of Israel.]

Let mooi op wat gebeur het. Die kinders van Israel het verkeerd gedoen, God se toorn het ontvlam, en Hy het hulle aan hulle vyande oorgegee – in hierdie geval die Filistyne. Toe het die mense tot God geroep en erken dat hulle hul van Hom gedistansieer het. Die teks sê dat hulle die vreemde gode uit hul midde verwyder het en die Here gedien het. In die volgende hoofstuk word ons vertel van die bevryding wat God deur Jefta bewerkstellig het. Ons beklemtoon egter die feit dat God bedroef was weens hulle situasie. God staan nie onverskillig oor die situasie waardeur Sy kinders, die skepping van Sy hande, gaan nie. Hier sien ons die emosies waardeur God gaan, wanneer Hy die mens uiteindelik aan sy eie lot moet oorlaat.

> Jesaja 22:4 Daarom sê ek: Kyk weg van my af, dat ek bitterlik kan ween; dring nie aan om my te troos oor die verwoesting van die dogter van my volk nie;

In die verwoesting wat oor Jerusalem, oor Juda, oor Israel kom, sê God: "Kyk weg van My, dat Ek bitterlik kan ween." En Hy vra dat hulle Hom nie sal probeer troos oor die verwoesting van die dogter van sy volk nie. Die toorn van God is geen bron van vrede vir Hom nie, en ook nie van bevrediging om die straf te gee wat die skuldiges verdien het nie. Inteendeel, God se toorn is 'n hart vol hartseer en angs; met baie bitter trane onttrek God uiteindelik Sy beskerming deur Sy kinders toe te laat om die bose gevolge wat hulle gesaai het, te maai.

Hierdie paar verse begin 'n konsep aangaande die toorn van God aan ons te openbaar. Om getrou aan die Skrif te wees, moet hierdie verse by 'n studie van hierdie onderwerp ingesluit word. Indien dit nie gedoen word nie, word ander dele van die Skrif vermink of verwyder. In teenstelling met die toorn van die mens, bewaar God se toorn die geregtigheid van God, of die gebooie, in sy geestelike

sin. Om God se toorn gelyk te stel met die mens se toorn sou beteken dat die getuienis van die tekste wat ons aangehaal het, geïgnoreer word, en dit sou niks minder wees as om die Woord van God te weerspreek en by te voeg nie, wat ons gesien het, streng verbode is.

God se toorn, gedefinieer deur die Skrif self, is woede as gevolg van sonde; dit is ‘n verontwaardiging oor wat sonde in die mens veroorsaak. Dit bring lyding, hartseer en verdriet om aan die mens se eise toe te gee en hom aan sy eie lot oor te laat. Om die sondaar in die steek te laat, bring vir God verskriklike hartseer en verontwaardiging, maar uiteindelik laat God hom toe om sy eie lot te kies. Die bestudering van hierdie woord en van die gevalle waarin woede of toorn deur die hele Skrif geopenbaar word, sal ons hierdie konsep konsekwent uitwys. Enige gevolgtrekking waartoe ons kom, sal noodwendig nie die tekste wat ons in hierdie kort studie oorweeg het, weerspreek nie.

## Gevolgtrekkings:

Om die waarheid te ken, moet ons dus alle Skrifverklarings byeen bring - elke enkele verwysing na ‘n sekere onderwerp. Elke stelling, verklaring, oortuiging en leerstelling moet getoets word in die lig van al die verse en verwysings na daardie onderwerp in die Bybel. Meer nog, dit moet in die lig van die hele Bybel getoets word. Die waarheid sal nie enige verklaring binne die Bybel weerspreek nie. Dit sal in ooreenstemming met die karakter wat gemanifesteer word deur die lewe van die Seun van God as Seun van die mens wees. Die waarheid sal nie die Woord van God verbreek nie, sodat die totaliteit van die Skrif as waarheid bevestig word. Deur hierdie praktyk toe te pas, word ons agter die skild van die Here geposisioneer. Die Bybel beëindig elke argument en dispuut. As ons dit nie navolg nie, wat sou ons doen? Sou ons

eerder die leringe van mense navolg?[65] Daar is nie veel opsies nie, is daar?

Dit is dan my oortuiging dat, deur hierdie eenvoudige reëls van interpretasie onvermoeid te volg, ons gelei sal word tot die kennis van Jesus Christus. Mag God ons almal bystaan.

[65] 1 Konings 13:14-24; 1 Petrus 5:8

# HOE LEES JY?

Christus sê vir ons dat die Woord van God waarheid is. Ongelukkig is daar soveel verskillende oortuigings, en blykbaar kom almal uit die Bybel, sodat dit verwarrend mag wees. Hoe kan ons dan die waarheid ken wanneer ons oënskynlike teenstrydighede in die Bybel vind?

Die Bybel self leer ons hoe om hierdie oënskynlike probleme op te los, deur duidelike instruksies en gelykenisse. Wanneer ons die Skrif se raad volg oor hoe om die Woord van God te ontvang, dan is die manier waarop ons die Bybel lees, die bepalende faktor. Paulus raai ons aan om die Woord van waarheid reg te verdeel – hoe kan ons dit doen?

Hierdie boekie beantwoord hierdie vrae
deur ‘n verduideliking van
die basiese Beginsels of Reëls van Interpretasie,
soos die Bybel dit uiteensit.